Jaargang 52 Nr. 2

ISSN 1029-8754
JULIE 2004

ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Koninkryksvisie op die Onderwys

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding**
- **Christelike Onderwys en**
- **Christelike Wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis". . . (Spreuke 1:7).

"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

SKRIFLIG

- Ds P Veen

2 Kor. 5:17

Nuwe mense

Dit is lekker om 'n nuwe ding in die hande te kry – onbeskadig, onbesoedel, doelgerig ontwerp en gemaak. Dit wek sommer die lus op om die nuwe ding te gebruik – om dit op die proef te stel ...

'n Nuwe mens is ook nie anders nie. Hoe groot is die uitdaging nie om op 'n ontdekkingstog te gaan met so 'n onbeskadigde, onbesoedelde en doelgerig-geskape mens nie! Geen "bagasie of remming" nie ... net die uitdagings van moontlikhede wat verwesenlik kan word.

Waar kry ons sulke nuwe mense? Wie sou tog die noodsaaklike toerusting aan hulle kon of wou gee? Vrae in hierdie trant kan vermenigvuldig word. Laat ons egter aandag gee aan 'n paar sleutelwoorde wat Paulus opgeteken het oor die nuwe mens.

Waarvandaan? In vers 18 verklaar die Woord van God dat die nuwe mens 'n maaksel van God is. Nog meer, hierdie nuutmaking bewerk God deur die unieke offerdood van sy Seun – die bestemde Herskepper (Ef. 1: 4-7). Met sy volmaakte herskeppingsdaad het Jesus Christus vir ewig sy volk verlos (Mat. 1: 21) om sy eiendomsvolk te wees – elke oomblik van elke dag. Hiervan getuig Petrus immers ook in 1 Pet. 2: 9,10! In Sy groot genade het die Here God dus verlore mense geneem en, deur hulle inenting in Jesus Christus (kyk na die vergelyking in Joh. 15), hulle laat deel in sy ewige, hemelse lewe. (Kyk na Rom. 6 vir meer besonderhede.) So, en so alleen, word voorheen verlore mense nuut. Hulle word in Christus se verdienste gereken as kinders van sy Hemelse Vader.

Wat is die noodwendige gevolg hiervan? In Rom. 12: 1-3 verduidelik Paulus dat hierdie nuwe mense van God teruggeplaas word in die oorspronklike denkpatroon (paradigma) wat God by die skepping bedoel het as die mens se natuurlike lewens- en wêreldbeskouing. Die on-natuurlike (teen-God-willende-natuur) wat die Satan inplant in sy sondevennote, word deur die nuutgemaakte mens gekruisig in die

Vervolg op bl 6

IN HIERDIE UITGAWE

Koninkryk van God 2

Bybelse opvoedingsfilosofie 4

Waar kom alles vandaan? 7

Nasionale en privaatonderwys 12

Die Afrikaner-huisgesin en die krisis van die heidendom

Dit is gemeenplaas dat die Afrikaner-huisgesin onder enorme druk verkeer in die heersende tydsomstandighede. Dit is grootliks die gevolg van 'n uiters felle aanslag wat vanuit onderskeie oorde georkestreer word. Onder New Age-aanstigting neem hierdie aanslag variante vorme aan, onbekend aan die tradisionele gesinslewe. Huisgesinne is in vele opsigte uitgelewer, omdat die herkoms (oorsprong) van die verskynsels nie altyd identifiseer kan word nie. Met die oorgang na 'n multi-godsdienstige en multi-kuturele bedeling vir die Suid-Afrikaanse samelewing, het ideologieë van 'n heidense oorsprong so oorweldigend hier te lande op ons neergekom dat dié bedreiging nie in sy volle omvang en konsekwensies begryp is en word nie.

Die Christelik-gereformeerde huisgesin is in die spervuur en word gekonfronteer met heidense idees/ invloede wat nie met 'n huisgesin van God soos dit in die Skrif voorgestel word, te versoen is nie. Huisgesinne kan nie aan die blootstelling hieraan ontsnap nie, maar dit opsigself is nie die grootste enkele probleem nie. Die grootste is dat Christelike huisgesinne onder die aanslag daarvan (baie-keer sonder dat hulle dit besef) óf daardeur meegesleur word, óf erger nog daaraan meedoen, te oordeel aan die waarnemings betreffende die stand van die gemiddelde huisgesin in volksgeledere. Met 'n ervaring van byna magteloosheid moet ons deesdae aanskou hoedat die gesinslewe van binne uit ge-erodeer word.

Huisgesinne weet nie altyd hoe hierdie aanslag hanteer moet word nie, en is in baie gevalle weerloos daarteenoor, omdat die paraatheid vir die afwering of bekamping daarvan óf ontbreek óf gebrekkig skyn te wees. Die gevolg is dat wanneer vreemde verskynsels in die volks-huishouding hul opwagting maak, dit toegelaat word (hoe onbegryplik ookal) om 'n vas-trapplek te kry en van daaruit die gesinslewe op allerlei wyse aftakel en vernietig. Dit is seker vir die eerste keer in die geskiedenis van ons volk dat met hartseer verklaar moet word dat ons tot 'n groot mate toegelaat het dat heidense praktyke deel van ons lewenswyse geword het. Hoe is dit moontlik dat 'n Christengelowige volk van weleer (in die breë gesien) hom in hierdie toestand bevind, en watter gees van wêreldgesindheid het nie alreeds by sommige volksgenote posgevat nie?

Die toestand kan weliswaar aan 'n verskeidenheid faktore gewyt word, maar die belangrikste sekerlik: die Woord van God word nie meer as die absolute en finale Bron van gesag en kennis is, waardeur 'n God-gehoorsame lewensbeskouing en lewenswyse (-styl) gevoed en gekweek word, aanvaar nie. Daar is ongelukkig ander bronne (hoe bedenklik ookal) wat toegelaat word om mee te spreek. Die mees tragiese is dat daardie bronne in baie gevalle die tradisionele instellings van die verlede is, wat juis bestem is om op te voed maar, wat (met huiwering gesê) in ons tyd die voorspraak vir die invoering van heidense gebruike en praktyke geword het. Die leer-inhoude wat van staatsweë vir die openbare skole voorgeskryf word, is 'n uitmuntende eksemplaar. Tien jaar is hulle al daarmee besig en steeds word ongeveer 80% van ons Afri-

Vervolg op bl 13

Die Koninkryk van God

(Deel 1)

- Ds DJ Hoffman

"Laat U koninkryk kom." So leer Jesus Christus ons, Sy dissipels, bid tot ons Hemelse Vader. Hierdie bede word ontsluit deur twee bedes wat net so belangrik is: "Laat U Naam geheilig word" en "Laat U wil geskied", want die Koninkryk kom juis wanneer God verheerlik, en Sy wil gehoorsaam word.

Die Koninkryk van God is die hooftema in Ou en Nuwe Testament

Hierdie tema en die verheerliking van God vind ons dwarsdeur die Bybel. Dit verbind Ou en Nuwe Testament. Toe Abraham gehoorsaam weggetrek het om in 'n vreemde land in tente te gaan woon, het hy dit in geloof op God se beloftes gedoen, want "hy het die stad verwag met fondamente waarvan God die boumeester en oprigter is." In Openbaring 21 lees ons van die heilige stad, die nuwe Jerusalem, wat van God af kom uit die hemel, "gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is." Ons lees van die Koninkryk wat reeds gekom het, maar ook nog kom, met die Voleinding. God se bedoeling met Sy Koninkryk is: "om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus." Deur Christus het ons deel geword van die volk van God, soos Hy vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens Sy Raadsbesluit." (Ef. 1: 10)

Die Koninkryk kom waar Jesus Christus as Verlosser verkondig word

Dit sluit die volle boodskap van God se genade in Christus in. Die koms gaan gepaard met die verkondiging van Gods Woord en die werking van die Heilige Gees. Dit sluit in Gods volle Raad en Heilsplan. Die Heilige Gees oortuig die kinders van die Koninkryk deur die Woord van sonde, geregtigheid en oordeel. Deur die Woord werk Hy ook die geloofsvertroue in hulle harte dat God nie net aan die ander nie maar ook aan elkeen van hulle, uit louter genade, saligheid skenk. (*Heidelbergse Kategismus:* Vraag 21). God is heilig en haat sonde en in Sy geregtigheid straf Hy dit. Maar, omdat God die sondaar liefhet, het Gods eniggebore Seun die straf aan die Kruis gedra en met Sy bloed versoening gedoen, "sodat elkeen wat in Hom glo (Joh. 3:16) vergifnis en die ewige lewe uit genade ontvang." Toegang tot die Koninkryk is slegs deur Christus.

Die Koninkryk kom waar God se wil geskied

Die bede "Laat U wil geskied" beklemtoon dat Gods heilige wil gehoorsaam moet word in Sy Koninkryk. Prof. L. Berkhof skrywe soos volg in sy *Systematic Theology:* "The primary idea of the Kingdom of God in Scripture is that the rule of God (be) established and acknowleged in the hearts of sinners by the powerful regenerating influence of the Holy Spirit, ensuring them of the inestimable blessing of salvation. A rule that is realized in principle on earth, but will not reach its culmination until the visible and glorious return of Jesus Christ."

Vervolg op bl 3

Ds. Hoffman

Ds. Danie Hoffman is op 84-jarige ouderdom een van die oudste lede van die Vereniging. Hy het vir byna 20 jaar sendingwerk in Zambië gedoen. Terug in die Republiek het hy Koninkrykswerk in NGKA-gemeentes in Lindley, Wepener en Bloemfontein gedoen. Hy is steeds betrokke by sending deur preekbeurte in Botshabelo waar te neem, asook 'n paar sendinggemeentes se boeke (rekeninge) te doen. Hy doen ook by geleentheid oordenkings op Radio Rosestad, wat in Bloemfontein en omgewing uitsaai.

Koningkryk van God *Vervolg*

Die gawe van die Koninkryk lei tot diensbaarheid

Die Here Jesus het die Koninkryk beskryf as die kosbare "pêrel" waarvoor alles prysgegee moet word. In Sy Bergrede sê Hy: "Beywer julle allereers vir die Koninkryk van God en vir die wil van God ..." In Sy gelykenisse beklemtoon Hy verskillende aspekte van die Koninkryk. Hy benadruk ook God se oordeel oor hulle wat nie erns maak met koninkryksdiens nie, bv. in die gelykenis van die talente (Mat. 25). In Sy Bergrede leer Hy ons hoe die burgers van die Koninkryk se gesindheid en lewenswandel behoort te wees.

Die Kerk staan in diens van die Koninkryk

Die Roomse Kerk skei die mens se lewe in 'n natuur- en genade terrein. Daarom is asketiese ontvlugting vir hulle verdienstelik. Vir hulle is daar net die Kerk, want die Kerk is ook die Koninkryk. Die hele menslike lewe met sy kultuur staan onder kerklike heerskappy. Deur hierdie verskralende standpunt word Christus berowe van Sy Koningskap oor al die ander lewensterreine, wat buite die grense van die Kerk val, maar nie buite die verlossingswerk en Koningskap van Christus nie. Die Kerk is wel een van die mees belangrike en besonderse Koninkrykssterreine, maar beslis nie die enigste of oorheersende en allesinsluitende een nie. Enige regmatige beroep soos die geneesheer of onderwyser, is vir die Christen 'n Christelike roeping, as deel van die Godgegewe kultuuropdrag, en nie net dié van predikant of sendeling nie. Elke geoorloofde lewensterrein moet dus eiesoortige vergestalting van die Koninkryk van God wees. Elke Christen moet dus strewe na die verchristeliking van die samelewing om so die sout en lig vir die wêreld te wees en nie na 'n Roomse verkerkliking of na 'n humanistiese sekularisering daarvan nie.

Die wêreld en alles daarop is nog steeds God se wonderlike Skepping, wat ten volle aan Hom behoort en nie aan Satan of die mens nie (Psalm 8). In Genesis lees ons: "Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het en dit was baie goed." (Gen 1: 31) Die Skepping moet dus steeds die skouterrein van God se heerlikheid wees. Dr. Abraham Kuyper het ook hierdie siening gehad. Soos vir Calvyn was die soewereiniteit en koningskap van God vir hom hoofsaak in die Koninkryk. In sy *Pro Rege* het hy hom aan hierdie tema gewy. In sy openingsrede by die Vrye Universiteit het hy onder andere die volgende gesê: "Daar is geen levensterrein, waarvan Christus, aller Souverein, niet zecht: Mijn".

G.C. Berkhouwer skrywe in sy *Dogmatische Studiën:* "De hemel staat niet antitheties tegenover het aardse leven, alsof dit laatste zijn betekenis zou verliesen. Integendeel: juist vanuit den Heer in de hemel word het leven sinvol, omdat het in Hem onttrokken is aan de willekeur en chaotiese bedreiging, die uit de macht der zonde opkomt."

Vir Calvyn is Koninkryk en Kerk ten nouste verbonde, want die Kerk is deel van die Koninkryk. Die Kerk vervang nie die Koninkryk nie, maar as deel van die Koninkryk, wys dit voortdurend na die Koninkryk. Die Kerk is trouens die voorhoede van die Koninkryk in sy stryd teen die antichris en die ryk van die Satan. Die Kerk verkondig nie homself nie, maar wel die evangelie van die Koninkryk. Dit impliseer dat die Kerk se roeping nie net na binne vir sy eie welwese is nie, maar veral ook na buite om Gods Koninkryk uit te brei en te bevorder oor die ganse wêreld heen. Die hele lewe van die mens moet onderwerp word aan die soewereiniteit van God.

Dit sluit die wetenskap, kuns, onderwys, sport, boerdery, die sakewêreld en alle regmatige lewens- en kultuurterreine in. Hierdie siening is dinamies, want die burgers van die Koninkryk word geroep tot Koninkrykdiens, in sy daaglikse arbeid, op al hierdie terreine, om as beelddraers van God die sout en die lig in die wêreld te wees. Die Skrif leer: "Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God" (1 Kor. 10: 31). Die mens wat na die beeld van God geskape is, het deur die sondeval die beeld van God verloor en afvallig van God geword, maar, in Christus, herskep God die mens integraal, in sy hele menswees, na liggaam en siel, om weer beelddraer van God te wees. Dit doen God by die wedergeboorte, deur Sy Woord en Gees (*Dordtse Leerreëls:* hfst. 3 en 4 afd.11).

Koninkryk en Verbond

Daar is 'n dogmatiese verweefdheid tussen Koninkryk en Verbond. Die inwendige grond van die Koninkryk is die Verbond. Die uitwendige gestalte van die verbond is die Koninkryk (Janse van Rensburg, 1996). Die terrein waarbinne die Verbondsheil en beloftes gekonkretiseer moet word, is die Koninkryk. Die wil van God, soos in Sy Raad opgeneem en in Sy Verbond beloof, word in werking gestel, waar tekens van die Koninkryk deur die pastorale optrede van die kerk opgerig word. Die Kerk en sy pastoraat staan so in diens van die koninkryk, om só Gods Verbondsgenade konkreet in die pastorale sorg te maak. Prediking oor vergewing van sonde is die baanbrekende Kerugma van die Koninkryk en die kenmerk van die Nuwe Verbond.

Die opbou van die gemeente moet in diens staan van die Koninkryk

Waar die dissipels in opdrag van Christus uitgaan in die wêreld, "om dissipels van die nasies te maak", ontstaan daar gemeentes. Ouderlinge word gekies om toesig te hou, ter wille van die goeie orde, en diakens ter wille van onder andere barmhartigheidsdiens. Ons sien dan hoe die werk van die Koninkryk en die Kerk nie twee aparte sake is nie, maar twee kante van dieselfde saak, naamlik die onvoltooide sendingtaak na binne en buite. As iemand deur die verkondiging van die evangelie ingebring word in die Koninkryk, is ons nie met hom klaar nie. Hy/ sy moet verder onderrig en versorg word. Die Kerk moet onder andere behoorlik voorsiening maak vir die Kategese van die bekeerlinge. So sien ons hoe die plaaslike gemeente *per se* missionêr is en moet wees. Die opbou van die gemeente na binne moet daarop gerig wees om beter sout en lig na buite vir die wêreld te wees.

(Deel 2 van hierdie artikel sal in die volgende uitgawe van ons blad verskyn.)

’n Bybelse opvoedingsfilosofie

(Deel 2)

- Dr J Morecraft

(’n Vryvertaalde weergawe van ’n bydrae in Engels wat van dr J Morecraft III ontvang is)

Christelike opvoeding is deel van Christus se groot opdrag in Mat. 28:18 - 20. Die oogmerk van Christelike opvoeding is die ontwikkeling van ’n Christelike lewe (Deut. 6:1- 2), ’n Christelike intellek (Deut. 6: 8) en ’n Christelike kultuur en beskawing (Deut. 6:1). In *Roeping en Riglyne,* April 2004 het Deel 1 hiervan verskyn. In hierdie opvolgartikel gee dr. Morecraft aandag aan 1. twee vooronderstellings vir Christelike opvoeding, 2. die vier primêre aspekte van Christelike opvoeding, 3. die verantwoordelikheid vir Christelike opvoeding en 4. die motivering vir Christelike opvoeding.

1. Vooronderstellings vir Christelike opvoeding

Daar is ondermeer twee vooronderstellings in Christelike opvoeding, te wete die grondliggende waarheid van Christelike opvoeding en die grondliggende etiek van Christelike opvoeding.

1.1 Die grondliggende waarheid van Christelike opvoeding (Deut. 6: 4)

a. Die Eenheid van God

Daar is net een lewende God, die Drie-enige God van die Bybel. Daar is geen ander gode behalwe Hy nie (Jes. 45: 6 v.v.). Hy is die Skepper van die heelal. Omdat Hy Een is, en omdat die hele skepping sy heerlikheid bekend maak (Ps. 19), is daar harmonie en betekenis in die skepping en menslike lewe. Lewe pas in mekaar. Dit het orde en struktuur. Omdat dié Enige God die Een Here oor alles is, alles geskep het, is daar een wet, een waarheid, een betekenis van die lewe en een evangelie (Rom.10: 12, Jes. 14: 24). Die Bybelse Christendom is die enigste ware godsdiens en die enigste ware interpretasie van lewe (Jer. 10: 1- 7). Daarom moet enige opvoedkunde wat die naam werd is, deeglik Christelik/ Bybels wees om God, die self en enige aspek van die geskape werklikheid te verstaan.

Hierdie Een God is die Heilige Drie-eenheid: Een in drie persone – die Vader, die Seun en die Heilige Gees – dieselfde in wese, gelyk in krag en heerlikheid. Sy Eenheid en Sy Drie-eenheid is van ewe veel belang. Hy sou nie God wees as Hy nie Een was nie; en Hy sou nie God wees as Hy nie Drie Persone was nie. Daarom kan Christelik/ Bybelse opvoeding die individuele feite en spesifieke detail van die lewe akkuraat verstaan, die oorkoepelende eenheid van lewe, die meesterplan van die skepping en hoe hierdie detail en verenigende plan met mekaar in verband staan. Hy hoef nie die een ter wille van die ander op te offer nie. Alle individuele detail en feite in die skepping is belangrik vir Hom, sowel as die oorkoepelende eenheid en universele wette en orde van lewe. Omdat God Een is, is die eenheid van die menslike ras vir Hom belangrik.

Daarom kan die Bybelse Christendom doen wat geen ander godsdiens of filosofie kan doen nie: verstaan en waardeer “die een en die baie”, sonder om die “baie” te vernietig ter wille van die “een”, of omgekeerd. Daar is harmonie in God se heelal. “Christian education can provide what no other system of education can: a unified, comprehensive, objective outlook on life which does justice to both the particulars of our existence and to the laws which govern the universe. It is able to do so because of its faith in the personal, triune God of the Bible.” – Chris Strevel, p 52.

b. Die Skepper van die heelal

Hierdie een, ware lewende God is “Elohim”, die Almagtige Skepper van die heelal (Gen 1:1). “Christian education proceeds upon the assumption that God created all things, and that redeemed man must learn how to live and think in God’s world. Because God has created all things, there is meaning in the universe. The doctrine of temporal creation by the triune God of the Bible means that God’s interpretation of the universe is the only (true) one available to man. Christian education makes a bold claim: true education is possible only if we maintain the doctrine of creation and the Creator-creature distinction. Christian education claims that it alone has any reason to educate. If we do not admit that we are God’s creature, completely dependent upon him for life, light, and knowledge, we can never know any single fact correctly.” – Chris Strevel, p53.

c. Die God van die Verbond

Die ware en lewende God is “Jehovah” (Jahweh), die God van die Verbond. Hy is die soewereine, ewige, self-genoegsame God wat alles beheer, regeer en onderhou – van lewelose voorwerpe, tot by die mens en nasies (Jes. 10: 1 v.v.). Hy het Homself geopenbaar in die skepping (Ps. 19), in Sy Seun (Heb. 1:1 v.v.) en in die Bybel, Sy onfeilbare Woord (2 Tim. 3: 16).

Jehovah is God se verbondsnaam (Eks 3: 13 v.v). Hy is die God wat Sy volk deur die verlossingswerk van Christus verlos het, omdat Hy ’n verbondsband van vriendskap met hulle aangegaan het, deur Sy soewereine genade. Nadat Hy sy verbondsvolk in Christus verlos het, roep Hy hulle om te glo in Christus, hulle van hul sondes te bekeer en te lewe in gehoorsame onderwerping aan Sy Wet wat deur Sy belofte gemotiveer is (beide word in die Bybel openbaar). “Christian education is necessarily, logically, (and Biblically) connected with the covenant of grace, and it must always be carried on in

Vervolg op bl 5

Bybelse opvoedingsfilosofie
Vervolg

this context. God has saved His people. He causes creation and history to serve the purposes of the redemption and exaltation of His covenant people over all the earth. They must now live as redeemed people. Christian education in the home, church, and school, teaches the child of God how to function as a Christian in God's world." – Chris Strevel, p 53.

d. Die God wat praat

Jehovah is 'n God wat Homself openbaar. Hy praat met Sy volk in woorde en sinne wat betekenis het vir Homself en Sy volk. Hy is die volmaakte kommunikator – wanneer Hy praat is Sy kommunikasie nie onduidelik nie, dit is self-getuigend van egtheid sonder om die bevestiging van 'n mens nodig te hê.

Die Bybel is Sy self-openbaring. Dit is die onfeilbare, verbale en allesomvattende openbaring van Sy wil en karakter. Dit is gesagvol in alles waaroor dit praat en dit praat oor alles! Daarom moet alles in die lewe en die skepping in terme van die Bybelse openbaring beskou word om dit korrek te kan verstaan (Ps 36: 9).

(i) Die absolute noodsaaklikheid van die Bybel vir opvoeding

"As we educate our children, our most ultimate presupposition is the truthfulness of the Christian position. The Lord our God has spoken. His Word is our life. To refuse to follow His word is moral, intellectual and cultural suicide. His word is the life and breathe of our educational method. Our children must see that Christianity is not AN explanation of the facts, not AN approach to life, but the ONLY explanation and approach which will glorify God and provide answers for man. We present Jesus Christ as the way, the truth and the life (Jhn. 14:6). We submit to his Lordship in every academic discipline. The students must see this. It will not be sufficient to begin your math, science, history or logic class with prayer. If you never mention God again you have not presented your subject truthfully. Your students must learn to see that if they are to have correct knowledge about any area of life, they must begin with what God says in His Word. 'Christian teachers know that not a single fact can really be known and therefore really be taught unless placed under the light of the revelation of God. Even the laws of arithmetic cannot be known otherwise' (Van Till, p 186)." – Chris Strevel , p 57.

(ii) Die sentraliteit van die Bybel in opvoeding

"The Bible is the textbook of the Christian educator. The Bible is not a science, logic or history textbook, but it is the book by which all other books are judged. Students must be taught that the Bible is the light by which every claim to knowledge must be judged. If the Bible truly contradicts the latest scientific claim, than that claim is erroneous." - Chris Strevel , p 57.

(iii) Die konsekwentheid van opvoeding in die Woord van God

Kinders moet volgens die Woord van God opgevoed word wanneer hulle loop, staan, lê of sit (Deut. 6: 7). Met ander woorde, Christelike opvoeding eindig nooit nie. Dit is daagliks en uit gewoonte. Dit moet te alle tye, in alle omstandighede en situasies plaasvind. Kinders moet leer om nooit aan enigiets te dink nie, sonder om in die lig van die Bybel te dink.

1.2 Die grondliggende etiek van Christelike opvoeding

Die grondliggende etiek van Christelike opvoeding is die Bybel se opdrag om God met jou hele hart lief te hê (Deut. 6: 5, Mat. 22: 37. Mark. 12: 33, Luk. 10: 27). Dit is die deurlopende klem in die Ou sowel as die Nuwe Testament. Die doel van opvoeding is om die student in staat te stel, te motiveer en toe te rus om die Drie-enige God lief te hê met sy hele hart, siel, krag, verstand en liggaam, wat getoon word in gehoorsaamheid van verstand en lewe aan God (Joh. 15: 14).

Die liefdevolle aanbidding van God in Christus is die vertrekpunt en basiese vooronderstelling vir alle wysheid en kennis (Spr. 1:7). Sonder 'n "lewens-verterende" liefde vir God, Sy Woord en Sy wêreld, is 'n ware verstaan van lewe in hierdie wêreld buite ons bereik. "The end of all knowledge-getting should be the attainment of an understanding of life as it is," skryf William Blake. So 'n verstaan kan egter nie bereik word sonder egte liefde vir God in Christus wat homself vertoon in gehoorsaamheid van gedagte en lewe aan Hom nie (Deut. 30:15 - 20).

Deut. 6: 5 leer dat daar nie ruimte is om hierdie liefde tussen die Here en enige iemand anders te deel nie. "Hart" en "siel" is sinonieme vir die innerlike van die mens. "Met al jou krag" dui aan dat hulle volle kapasiteit om lief te hê moet betrek word, hart, siel en liggaam. Ooreenkomstig Deut. 6: 6 - 9 bestaan die liefde vir die Here in die heelhartige nakom van Sy wette.

2. Die vier primêre aspekte van Christelike opvoeding (Luk. 2: 52)

Ten einde die doel van Christelike opvoeding te bereik, moet die opvoedingsproses homself met vier areas van ontwikkeling bemoei, soos afgelei uit Jesus se opleiding as jongmens – "En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem." – Luk. 2: 52

a. Intellektuele ontwikkeling

Jesus het toegeneem in wysheid ... Alle fasette van opvoeding en die hele kurrikulum moet daarop gerig wees om die verstand te stimuleer en verstandelike vermoëns uit te brei, sodat elke gedagte gevange geneem kan word deur die Woord van Christus (1 Kor. 10: 5). "The sphere of the intellectual, the sphere of knowledge and understanding, is not a sphere in which the Christian gives ground, or even tolerates vagueness and confusion." – Blamires, *The Christian Mind.* In intellektuele sake hoef die Christengeleerde nie terug te staan vir enigiemand nie. " … we have stopped thinking Christianly. We have be-

Vervolg op bl 6

Bybelse opvoedingsfilosofie
Vervolg

haved Christianly, some of us; in cases even heroically and self-sacrificingly. We have prayed and worshipped Christianly. Then we have gone back to talk politics with the politician, social welfare with the social worker, labour relations with the trade unionists, and we have emptied our brains of Christian vocabulary, Christian concepts, in advance, just to make sure we should get fully into touch. Thus we have stepped mentally into secularism."- Blamires. Ons kinders, intellektueel gevorm en bevry deur die Woord van God, moet leer om ons kritici se redenasies te oortref.

b. Fisiese dissipline

Jesus het liggaamlik gegroei ... Fisiese krag, gesondheid en dissipline is vir God, wat die menslike liggaam geskep het om Hom te dien, belangrik (Rom. 12: 1,2). "The fitness goals for each grade level progress from an emphasis on movement in kindergarten through muscular endurance and maintaining fitness in the higher grade. The intellectual and creative dimensions of health and physical education come together when a child grows in self-respect. When a child is led through the suggested experiences of our health fitness program, he will become more aware that realizing his individual health goals are only a means to an end: that of giving himself totally in service to God" – *Chalcedon Christian School Handbook.*

c. Geestelike groei

Jesus het .... in guns toegeneem by God... Aangesien eerbied vir God die begin van alle kennis is, moet die hoogste prioriteit geplaas word op die leerder se verstaan van en persoonlike geloof in Jesus Christus as Heer en Verlosser (Hand. 16: 31). 'n Persoonlike verhouding met Jesus Christus is noodsaaklik vir die sukses van Christelike opvoeding, want Jesus het gesê: "Sonder My kan julle niks doen nie" – Joh. 15: 5. Opvoeding is nie messiaans nie. Dit kan nie van sonde red, wat die hart en verstand verduister en verderf nie. Net Jesus Christus red van sonde (Hand. 4: 12). Hy is ons profeet, wat ons van sonde se duisternis en onkunde red. Hy is ons priester, wat ons van sonde se skuld en straf red deur Sy eie offer vir ons. Hy is ons koning, wat ons van sonde se tirannie oor ons red. Ons moet ons verbondskinders voortdurend aanmoedig om in hulle geloof in Hom te groei, ook in hulle liefde vir Hom en hulle gehoorsaamheid aan Hom (Kol 2:6 v.v).

d. Sosiale ontwikkeling

Jesus het ... in guns toegeneem by ... die mense. Om te weet hoe om met mekaar om te gaan, mekaar te dien, saam te werk, mekaar met respek te behandel, om gasvry en hoflik te wees, is alles belangrik vir die Christen se sending na die wêreld. Sonder goeie sosiale gedrag, gasvryheid, broederlike liefde, vriendelikheid en respek sal ons min waarde hê in die bevordering van God se koninkryk en om Christus se karakter in ons eie lewe voor mense te reflekteer.

Die laaste twee afdelings van dr Morecraft se artikel is kortliks:

1.3 Die verantwoordelikheid vir Christelike opvoeding (Deut. 6: 7)

Die verantwoordelikheid van Christelike opvoeding is deur God in die hande van die kerk (Mat. 28: 20) en ouers (Deut. 6: 7) geplaas.

1.4 Die motivering vir Christelike opvoeding (Deut 6: 13 - 19)

Dit sluit in:

a. die sekerheid van ons kennis van God (Deut. 6:13-15);

b. die sekerheid van ons oorwinning in God (Deut. 6:18-19);

c. die boosheid van sintese (Deut. 6:13-18);

d. die boosheid van isolasionisme (Deut. 6:18-19); en

e. die instandhouding van die antitese (Deut. 6:13-19, 7:14).

Gevolgtrekking

"Daar kan nie 'n Christelike toekoms wees sonder die Christelike skool en 'n Christelike kurrikulum nie. Die Christelike skool moet die jeug oplei in die kuns van vryheid, Christelike geloof en kennis, sodat hulle elke deel van hulle lewe en gedagtes vir die Here kan gee (Luk. 19: 13)." – R J Rushdoony.

(Die volledige vertaalde artikel kan teen dupliseer- en poskoste van die kantoor bestel word.)

Skriflig *Vervolg van bl 1*

krag wat die Heilige Gees deur die geloof in Hom bewerk (Rom. 6: 11,12). Hy/sy trek elke oomblik God se wapenrusting aan (Ef. 6) om dáárin te kan staande bly teen die magte, geeste, luste en ander Godsvyande.

Hierdie nuwe mens lewe nou anders as voorheen voor God: nie meer as teenstander nie, maar as dankbare, liefdevolle en gehoorsame kind! Nie meer eiewillig en dwarsdradig nie, maar gesante wat die enigste God se Koninkryk verteenwoordig en dien, te midde van 'n krom en verdraaide geslag: lig in die duister, sout in die bederf, suurdeeg wat onophoudelik insuur!

Mense met 'n sending – 2 Kor. 5: 20 onderstreep hierdie sending: ... die nuwe mens ... smeek om Christus ontwil ... laat julle met God versoen, ter wille van die Middelaar se eenmalige werk! So kom God se Koninkryk (1 Kor. 15:28) oor die totale skepping: wanneer sy nuutgemaakte mense die hele wêreld geleer het (Mat. 28: 19,20) dat God alles moet wees en in almal. Ook dat die ewige Koning in ons en onder ons, volle erkenning, lojaliteit en gehoorsaamheid betoon moet word.

Is dit moontlik dat goeie mense hulleself troos dat hulle "Christene" sou wees terwyl hierdie nuutheid nie uit hulle totale lewe blyk nie? **Dis tog onmoontlik**!

Waar kom alles vandaan?

- Prof. Pieter H Stoker, Potchefstroom

Dit is die vraag wat die ontkerstende Westerse beskawing vandag besig hou. Vroeër is mense verenig deur hulle geloof in God Drie-Eenheid, die Skepper, Onderhouer en Voltooier van Sy skepping. Vandag word daar fondse voorsien, onder andere deur die Templeton Foundation, vir projekte soos "Fundamental Physics, Cosmology and the Problem of our Existence". 'n Nuwe tydskrif *International Journal of Astrobiology* is onlangs (2002) daargestel vir publikasies rondom hierdie probleem, waarop antwoorde deur die wetenskap gesoek word.

Evolusie word gesien as 'n kragtige middel om gegewens en begrippe in vakke met mekaar in verband te bring, nie slegs in die biologiese evolusie van plante en diere nie, maar ook in die fisiese evolusie van sterre en planete, en in die kulturele evolusie van die samelewing, in al sy uiteenlopende fasette. Kinders word aan hierdie verenigende krag van evolusie en aan baie ander invloede buite die ouerhuis, skool en kerk blootgestel deur internet, televisie en radio. Om hierdie invloede teen te werk, is dit belangrik dat kinders die grootsheid van God Almagtig en die wonderlikheid van Sy skepping leer ken en verstaan, en om dan ook te verstaan waar alles vandaan kom.

> "Gelukkig is hy wat die oorsaak van dinge verstaan."
> - Vergilius

Die grootsheid van die skepping

Die wetenskap onthul aan ons saamgestelde stelsels van geweldige kompleksiteit in die skepping, soos die sel waaruit alle lewe opgebou is, soos die vrugbare aarde met sy fyn-gebalanseerde biosfeer, soos die saamgestelde kompleksiteit van elke dier en die mens om 'n doelmatige lewe volgens elkeen se besondere aard te verseker, en soos die heelal met al sy sterre, sterrestelsels, planete en hulle mane.

Die mens is 'n fassinerende wese, soos dr Werner Gitt in sy boek: *Fassinerende mens* (CLV, 2003, vertaal uit Duits deur J. Kies), die mens treffend beskryf: "Die mens is 'n wonderlike, onvoorstelbare, uiters ingewikkelde wese. Hy is in feite 'n chemiese fabriek en 'n elektriese netwerk met lugversorging en suiweringsapparaat – alles onder die sentrale invloed van die brein, 'n hoogsingewikkelde rekenaar wat kan dink sowel as kan liefhê en haat. Hy is saamgestel uit honderd-miljoen-miljoen mikroskopies klein afsonderlike deeltjies wat onderling op mekaar aangewese is en op verstommende wyse saamwerk. Wanneer 'n mens gesond is, word dié deeltjies voortdurend deur nuwes vervang en waar nodig herstel".

Oor die sel, waaruit alle lewe bestaan, skryf die biochemikus Michael Denton (*Evolution: A theory in crisis;* Adler & Adler, Bethesda 1985: 328): "Miskien is die uiterste ingewikkeldheid en vernuftigheid van biochemiese aanpassing in geen ander gebied van die moderne biologie so uitdagend as in die fassinerende molekulêre wêreld van die sel nie. By 'n vergroting van duisend miljoen keer sien ons 'n struktuur van ongeëwenaarde ingewikkeldheid en doelmatige aanpassingsvermoë. Op die oppervlak van die sel is daar miljoene openinge, wat soos poorte van 'n groot ruimteskip lyk, wat voortdurend oop en toe maak om 'n stroom van stowwe na binne en na buite deur te laat. As ons deur een van hierdie openinge sou binnegaan, kom ons in 'n wêreld van uiters verfynde tegnologie en van verbysterende ingewikkeldheid. Daar is eindelose hoogsgeorganiseerde gange en kanale, wat in alle rigtings vertak, weg van die omhulsel van die sel. Sommige vertakkings gaan na die sentrale geheue in die kern, ander na monteerfabrieke en proseseenhede. Die kern bevat kilometers-lange opgerolde kettings van DNA-molekule, almal in ordelike rye netjies gerangskik. 'n Enorme verskeidenheid van produkte en grondstowwe beweeg deur die kanalestelsels op 'n uiters geordende manier van en na die verskillende monteerfabrieke in die buitenste gebiede van die sel".

Die aarde was nie altyd daar nie. Volgens die Bybel is die hemel en aarde "in die begin" geskep (Gen.1: 1). Ook natuurwetenskaplike gegewens dui daarop dat die aarde en alles wat op, in en om die aarde is, iewers in die verlede 'n begin moes gehad het. Oral in die aardkors is daar radioaktiewe elemente, wat deur ontbinding warmte aan die aardkors gee, presies voldoende dat die oppervlak van die aarde by 'n temperatuur bly om lewe moontlik te maak. (Anders sou die aarde deur stralingsverlies na buite steeds warmte verloor en kouer geword het).

Die aarde bevat 'n ontsaglike voorraad water met unieke eienskappe, wat vir lewe noodsaaklik is. Geen ander stof het daardie besondere eienskappe nie. Water kom in groter

Vervolg op bl 8

Waar kom alles vandaan

Vervolg van bl 1

oorvloed as enige ander stof op die aardoppervlak voor. Water is onder andere uiters geskik om die duisende grondstowwe wat as voedsel van mense, diere en plante noodsaaklik is, in bloed of plantsappe op te los en na lewendige selle te vervoer.

Grond weer het eienskappe wat noodsaaklik vir plantegroei is. Plante omskep chemiese elemente in die grond in vorme, wat deur die liggame van mense en diere opgeneem kan word. Klein lewende organismes in die grond help hiermee. Daar is miljoene van hulle in 'n teelepel grond. Die aarde het 'n verbasende herstelvermoë na droogtes, brande, natuurrampe en besoedeling deur die mens.



Die resultaat van die mens se ontrafeling van die sterreruimte is 'n ontsettend groot heelal, waarin afstande in ligjare bereken word. Lig vanaf die naaste ster neem 4,5 jaar om die aarde te bereik en vanaf die verste sterrestelsels soveel as 9 000 miljoen jaar. Volgens ons wetenskap is die enorm groot heelal 'n wonderlik-aaneengeskakelde struktuur van planete met hulle mane, die son met sy heliosfeer (invloedsfeer), wat sy eie omgewing binne ons melkwegstelsel (galaksie) skep, en talryke sterre wat in galaksies gegroepeer is. Galaksies kom weer in groepe voor tot in die verste uiteindes van ons waarneembare heelal. Alles word deur gravitasie en elektromagnetiese velde en ligstrale aanmekaar geskakel en laat die mens in verwondering oor die grootsheid van die skepping.

Alle strukture in die skepping – en daar is baie – is elkeen 'n unieke en funksionele wonderwerk op homself. Hierdie wonderwerke neem die mens waar deur sy sintuie, sy vensters na die wêreld. Uit hierdie waarnemings word begrippe geabstraheer en wetenskap deur logiese denke gevorm. Die wonderwerke word deur die natuurwetenskappe beskryf sonder dat God as Skepper en Onderhouer erken word, want die mens kan God se handelinge in die natuur nie as God se handelinge waarneem nie. Evolusieleer is dan ook 'n produk van die natuurwetenskaplike beskrywing en gee aan die mens 'n verklaring waar alles vandaan kom.

Waar kom dit alles vandaan?

Baie natuurwetenskaplikes aanvaar dat die "oerknal", wat 15 000 miljoen jaar gelede sou plaasgevind het, die begin van alles was. Uit die enorme voorraad energie, wat met die oerknal sou vrygekom het, sou elementêre materiedeeltjies en atome gevorm het, waaruit sterre en sterrestelsels tot stand gekom het. Nadat die aarde ontstaan het, sou op aarde eers molekule, daarna opeenvolgend makromolekule, een- en meersellige plante, laer en hoër diersoorte tot die mens verskyn het.

Die biologiese wetenskappe aanvaar dat alle lewe wat tans op aarde waargeneem word, deur natuurprosesse oor 3 600 miljoen jaar 'gegroei' (ontwikkel) het vanaf 'n enkel sel tot die mens. Hierteenoor leer die Bybel ons dat God man en vrou tweeledig geskape het: hulle is op die sesde dag geskep, ná al die diere op aarde. Hulle is "gevorm uit die stof van die aarde" (Gen 2: 7), wat dui op hulle skepselwese, op hulle gebondenheid aan die aarde. Aan die ander kant is slegs mense (nie diere nie) na die ewebeeld van die Skepper gemaak. Die uniekheid van die mens is nie daarin geleë dat ons met mekaar praat nie, maar eerder daarin dat God met ons as Sy ewebeeld praat en dat ons gevra word om daarop te antwoord. Ons is geskep vir 'n tot-God-gerigte lewe.

Die evolusionistiese beskouing oor die herkoms van die mens verskil radikaal van wat in die Skrif verhaal word. In albei gevalle word die mens as 'n kultuurwese gesien, maar daar is 'n groot verskil in beskouingswyse. Volgens die evolusionistiese beskouing tref ons die vroeëre "mens" aan in grotte, grommend, en hy gebruik sy vingers om te tel. Die Bybel openbaar aan ons presies die teenoorgestelde. Die mens in die tuin van Eden is hoogs intelligent en is in staat tot intieme gesprekvoering. 'n Voorbeeld van intelligente beheersing is God se opdrag aan Adam om diere name te gee (Gen 2:19). Adam het nie die diere geskep nie; hy het hulle slegs waargeneem, hulle geaardhede ontleed en aan elkeen 'n kenmerkende naam gegee. Die mens, geskape na God se ewebeeld, is in staat om die materiële skepping waar te neem, waarnemings met mekaar in verband te bring, afleidings te maak, te verklaar en te voorspel. God het hom die vermoë gegee om idees en begrippe deur waarneming uit die werklikheid te onttrek, te abstraheer en daaruit wetenskap te vorm. God wil dat die mens in alles wat hy doen, ook in sy wetenskap aan God alle eer gee.

Skepping en dan ontplooiing?

Die Bybelse skeppingsgeskiedenis word gekenmerk deur **bonatuurlike** skeppende handelinge van God gedurende ses afsonderlike dae. God het nie aaneenlopend geskep nie, want elke skeppingsdag eindig met: "Dit was aand en dit was môre."

Nadat God "klaar (was) met die skeppingswerk" (Gen. 2: 2) kon die skepping voortgaan met ontplooiing tot die Voleinding, soos God deur Sy

Vervolg op bl 9

Waar kom alles vandaan

Vervolg van bl 8

Voorsienigheid bepaal het. God se handelinge is nou anders. Nou Onderhou en Regeer Hy die skepping.

Die ontplooiing van die wêreld na die skepping is volgens die Woord van God en ons ervaring nie net 'n voortgang tot die volheid van die tyd nie, maar ook 'n vooruitgaande ontwikkeling. Dit is 'n vooruitgang waardeur die potensiaal van die skepping van God algaande ontwikkel tot die hoogste volheid wanneer die eindbestemming bereik word. Hierdie vooruitgaande ontplooiing vind ons op alle terreine van die lewe: kerklik, staatkundig, etnologies, ekonomies, tegnologies, kunsskeppend, sedelikheidsvormend, wetenskapbouend, taalvormend, geskiedkundig, ens. Op alle terreine lyk en is die lewe en die wêreld vandag totaal anders as in die tyd van Adam, van Abraham, van Augustinus, van Calvyn, van Totius en vandag.

Die natuurwetenskappe herlei veranderinge, wat ons vandag in die ontplooiingstyd waarneem, terug na die verlede, met ander woorde, die hede is die sleutel tot die verlede. 'n Tydstip in die verlede kan slegs bereken word as (i) tyd vanaf die begin, oral in die heelal, net so vinnig verby gegaan het as vandag, (ii) die tempo van geologiese en fisiese veranderinge wat ons vandag waarneem, vanaf die begin dieselfde was as vandag, (iii) daar geen katastrofes in die verlede was nie, en (iv) daar geen bonatuurlike skeppende handelinge was nie, met ander woorde, die sesdaagse skepping wat die Bybel aan ons openbaar, het nie plaasgevind nie.

Die natuurwetenskappe aanvaar nie die bonatuurlike handelinge van God gedurende die skeppingstyd wat die Bybel aan ons openbaar nie. Gevolglik is dit verstaanbaar dat die natuurwetenskappe ouderdomme van miljarde jare vir die aarde en die heelal bereken.

Het alles geleidelik tot stand gekom?

Die natuurwetenskappe aanvaar dat alles deur natuurprosesse geleidelik tot stand gekom het. Sommige natuurwetenskaplikes soek na 'n organiserende beginsel, wat deur natuurwette die prosesse beheer om sterre, planete en galaksies te vorm en wat uiteindelik tot die ontstaan van lewe en van die mens gelei het.

Christene, wat evolusieleer as feitelik waar aanvaar, veronderstel dikwels dat God, wat hemel en aarde geskep het, die komplekse sel, die vrugbare aarde met sy fyn-gebalanseerde biosfeer, diere, mense, die heelal en alle dinge in die skepping oor miljarde jare tot stand gebring het, soos die kosmologie en evolusieleer dit beskryf. God word dan vir hulle die "organiserende beginsel" van die evolusionistiese proses.

> Isaac Newton, na een van sy uitvindings: "Ere aan God wat my die voorreg geskenk het om aan die soom van Sy kleed te kon raak."

Die Bybel openbaar egter nie aan ons 'n geleidelike en moeisame ontplooiing van die skepping oor miljarde jare, met baie stryd tot oorlewing en aanpassing by veranderende omstandighede nie. God openbaar Hom in Sy Woord as die Almagtige Skepper, wat alles in enkele skeppingshandelinge met wetsordeninge daargestel het. Sy hele skepping en alle skepsels is onderworpe aan hierdie wetsordeninge, die kosmiese wetsorde, waardeur Hy die skepping in sy ontplooiing Onderhou en Regeer tot die volheid van die tyd. Vanweë die intrede van die kwaad in die wêreld sal Christus aan die einde van die ontplooiingstyd ingryp en hemel en aarde herskep tot 'n nuwe hemel en nuwe aarde.

Stam u van ape af?

In sommige wetenskaplike boeke, skoolhandboeke, museum-uitstallings en in die media word die teorie van die bestaan van aapmense voorgehou en gepropageer. Wat moet Christengelowiges omtrent die sogenaamde aapmense glo? Hier volg 'n verkorte weergawe van 'n artikel wat in die Nederlandse tydskrif *Bijbel en Onderwijs Magazine,* Maart 2004, verskyn het. Kinders op skool kan ondermeer hiervan gebruik maak in die samestelling van taakopdragte.

Wetenskaplike konsekwensies

Wetenskaplik gesien hou die konsep van aapmense die volgende in:

- dat die evolusie waar is en dat die proses 'n geslag van halfmenslike wesens voortgebring het, wat afstam van niemenslike ouers;
- dat in die proses wat uiteindelik mense voortgebring het, die "misbaksels" dit nie oorleef het nie;
- dat miljoene jare nodig was vir die proses;
- dat fossiele wat, volgens die wetenskaplikes, die oorskot van hierdie skepsels is, 'n betroubare bewys is, wat korrek geïnterpreteer is in hulle anatomie, lewensduur en evolusionêre verhoudings.

Wat is die feite?

Daar is ooglopende verskille tussen mense en ape wat uit die fossiel-oorblyfsels aangedui kan word, waarvan een voorbeeld is dat die mense regop loop en daartoe met die regte knieë, heupgewrigte en ruggraat toegerus is. Die mens het (anders as die aap) 'n duim wat teenoor die vingers geplaas is. Die mens beskik oor 'n groter breinkapasiteit. Ander voor-die-handliggende verskille is onder meer die kommunikasie deur middel van taal, redenenasievermoë en 'n vrye wilsuitoefening (anders as instink) wat die mens van die aap onderskei.

Vervolg op bl 10

Stam u van ape af?

Vervolg van bl 9

Die bestaan van hierdie vermoëns, sover dit die ape betref, is as 'n reël uit die fossielfragmente afgelei.

Die geestelike dimensie

Christene sal hierby egter ook wil voeg dat die mens na God se Beeld geskape is:

- God is Gees (Joh. 4:24), en het aan mense 'n geestelike dimensie verleen, wat hulle in staat stel om met God te kan kommunikeer o.a. deur middel van gebede.
- God is lig (1 Joh. 1:5), en het aan mense 'n morele gewete verleen, waardeur mense (onder die genade) tot 'n besef van goed en kwaad kan kom en hulle in heiligheid aan Hom kan toewy.
- God is liefde (1 Joh. 1:8), dus kan mense die liefde van God ervaar in die vergifnis van sonde, wat aan die gewetens rus (van sonde) gee en hulle in staat stel om God lief te hê en in gehoorsaamheid aan Hom te lewe.

Vanuit die nuwe verhouding met God kan mense ook vervul word met die Heilige Gees en Sy vrug dra (vgl Gal. 5: 22). Die geestelike dimensie van die mens omvat ook die sekerheid van "lewe" na die dood.

Vrugbare teelaarde vir bedrog en vervalsing

Evolusioniste wat op soek is na bewyse vir "aapmense" spits hulle veral toe op fossieloorblyfsels van 'n anatomiese uiterlike wat as tussenin dié van die mens en die aap geklassifiseer word. Alternatiewelik grond hulle hul beweringe op fossieloorblyfsels wat enkele van die bostaande anatomiese eienskappe vertoon. Dit het reeds tot baie bedrog en vervalsings gelei. Een van die mees opsienbarende hiervan was die sogenaamde "Piltdown mens", wat tussen 1908 en 1912 in Engeland ontdek sou gewees het. Dit het uit die dak van 'n mens se skedel en die onderkaak van 'n oerang oetang bestaan. Die tande van laasgenoemde is op allerlei wyse bewerk om te pas by dié van 'n menslike bokaak. Hoewel die vervalsing sleg gedoen was, het die bedrog eers in 1953 bekend geword. Vir veertig jaar lank was dit die mees aangehaalde "bewys vir evolusie", in die Westerse wêreld.

In 1922 prys ene dr Osborne die tand van 'n vark aan as afkomstig van die eerste mensaap uit Amerika. Op 24 Junie 1922 gee die *Illustrated London News* 'n kunstenaarsvoorstelling van die eienaar van die tand, nogal saam met sy vrou, huisdiere en gereedskap!

Sogenaamde "mensagtiges" is dikwels niks meer nie as enkele fragmente wat gevind is en, gekombineer met 'n groot dosis fantasie, word dit "aapmense".

Bewyse vir aapmense?

Australopithecinus

Die bekendste hiervan is "Lucy" waarvan talle volledige modelle in museums wêreldwyd uitgestal word. By die oorspronklike Lucy-fossiel is die bokaak en die meeste van die skedel, hand- en voetbene egter afwesig! Die crux van die wetenskaplike bewysvoering ontbreek dus ook hier.

Homo habilis

Die *Homo habilis* of "handy man" ("ontdek" in 1972) sou klaarblyklik handig wees met gereedskap. Verskeie wetenskaplikes het egter tot ander insigte gekom en huldig nou die mening dat *Homo habilis* in werklikheid uit beentjies van verskillende fossiele saamgestel is. Dit word dus nie meer as 'n bewys vir die vermeende verbinding tussen die mens en die aap aangevoer nie.

Homo erectus

Dit is die sogenaamde regoplopende mens wat voorgestel word deur die gebruik van gereedskap, vuur en begrawe van hul dooies. Evolusioniste is egter nie meer so seker van hulle saak nie en sommige maak selfs 'n saak daarvoor uit dat *Homo erectus* slegs as 'n variasie van hulle *Homo sapiens* beskou kan word. Die eens vroeëre sekerheid is hier ook besig om weg te kalwe.

Neandertallers

Hierdie groep het in Europa rondom die Middellandse See gewoon. Vroeëre konstruksies het aan hulle 'n vooroorgeboë houding gegee. Moderne konstruksies stel hulle weer meer regop voor, in ooreenstemming met die opvatting van kreasioniste (wat hulle standpunt op die Bybelse skeppingsleer fundeer) dat hulle in alle opsigte mens was. Geringe afwykings in die skelet tussen hierdie groep en dié van die hedendaagse mens is nie genoegsaam om beginselafwykings aan te toon nie. Ondanks alle pogings om met behulp van DNA-ontleding die teendeel te bewys, moet selfs evolusioniste erken dat hulle tot die mens behoort.

Gevolgtrekking

Die wyse waarop fossieloorblyfsels geïnterpreteer word, berus op die wetenskaplike navorser se persoonlike lewensoortuiging. Tot dusver kon nog nie één van die vermiste skakels wat "gevind" is, die toets van eerlike en grondige ondersoek deurstaan nie. Die bestaan van gewaande aapmense kan nie uit die fossieloorblyfsels bewys word nie, eweneens is daar geen bewysgronde dat die mens die produk van evolusie is nie. Christene wat die evolusionistiese idee dat aapmense eers die aarde bewoon het en dat één daarvan uitgekies was om "Adam" te wees, handhaaf, plaas hulle daarmee in stryd met die Woord van God en met wetenskaplikheid.

Max Planck het gesê: "Enigeen wat ernstig is met wetenskaplike werk van enige vorm besef dat bo die hekke van die tempel van die wetenskap die woord geskryf is: Jy moet geloof hê. Dit is 'n hoedanigheid waarsonder die wetenskaplike nie kan klaarkom nie."

Boeke vir die wat meer wil weet

Dr L Hoffman

Evolusie en die skepping is 'n onderwerp wat toenemend op die voorgrond is. In 'n populêre vorm word evolusionisme in televisieprogramme gepropageer. Nog meer verontrustend is dat dit reeds in die kurrikulum van die openbare skool geïntegreer is. Onder Skrifgelowiges is daar verskeie standpunte hieroor. Dikwels word 'n onderskeid tussen evolusie en evolusionisme getref. Evolusie sou dan na die geleidelike ontwikkeling van die heelal en lewe verwys ná die skepping daarvan. Evolusionisme wil God in die ontstaan van alles en die verdere ontwikkeling daarvan, totaal buite rekening laat. Etlike boeke waarvan gelowiges kennis behoort te neem, het al oor genoemde onderwerp verskyn.

'n Boek wat geruime tyd gelede reeds uit die pen van Howard J van Till verskyn het, is getiteld: *The Fourth Day – what the heavens and the earth are telling us about creation.* Van Till is 'n gelowige wetenskaplike wat graag die Bybel en die skeppingsgegewens ernstig wil opneem. Die groot mistasting wat Van Till uitwys, is dat mense die verkeerde vrae aan die wetenskap en die Bybel stel. Daar is sekere vrae waarop die wetenskap kan antwoord, maar nie die Bybel nie, omdat dit nie die doel van die Bybel is nie. Daar is ook vrae wat net die Bybel kan antwoord en indien die wetenskap daardie vrae probeer beantwoord, oorskry dit sy grense.



Vrae oor byvoorbeeld die oorsprong en doel van die skepping, kan net die Bybel beantwoord. Sodra die wetenskap hom op daardie terrein begewe, word spekulatiewe antwoorde uitgelok, omdat die wetenskap eintlik nie daardie vrae kan beantwoord nie. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer evolusioniste vanuit die sogenaamde "oerknal" te kenne wil gee dat daar nie 'n Godheid by die skepping van alle dinge betrokke was nie. Op hierdie vrae kan die wetenskap nie 'n antwoord gee nie.

Aan die ander kant word vrae oor die besonderhede in verband met die skepping en skeppingsproses ook nie deur die Bybel verstrek nie. Sodra in die Bybel gesoek word vir eksakte wetenskaplike feite oor die presiese "hoe" van die skepping, is ons besig om die Bybel vir 'n ander doel as waarvoor dit aan ons gegee is, te gebruik. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer mense poog om vanuit die geslagsregisters in die Bybel af te lei presies hoe oud die aarde is.

'n Ander boek wat met vrug geraadpleeg kan word is dié van Pieter Pelser, getiteld *Evolusie en die Bybel.* Pelser is 'n argitek van beroep met 'n belangstelling in die verband tussen die Bybel en die wetenskap. Die teenstellende standpuntinnames betreffende die skepping en evolusie het hom na jare se navorsing gebring tot die skryf van hierdie boek. In sy eerste hoofstuk wys Pelser daarop dat daar 'n "godsdiens van evolusionisme" bestaan.

In opeenvolgende hoofstukke bespreek Pelser die verskillende dateringstegnieke, wat 'n belangrike deel van die evolusieteorie uitmaak, krities. Hy bespreek ook die fisikawette en die teorie oor die oerknal en verwerp uiteindelik enige gedagte aan laasgenoemde. In latere dele van die boek verwys hy na die steeds vermiste skakels in die evolusieleer. Pelser rig 'n belangrike



waarskuwing wanneer hy sê dat: "Geen opvoedkundige of predikant kan bekostig om die daaglikse invloed van hierdie teorie buite rekening te laat nie." (p278) 'n Belangrike slotsom waartoe die skrywer kom, is dat daar 'n verenigende, materialistiese filosofie agter die evolusieteorie skuil.

In die tyd waarin ons leef is dit belangrik dat gelowiges hulself toerus om die misleiding wat óók vanuit sommige wetenskaplike kringe kom, op verantwoorde wyse die hoof te bied. Koop een van hierdie boeke aan, of neem soortgelyke boeke in die biblioteek uit. Vanuit die VCHO-kantoor kan u ook heelwat literatuur bekom. (Vir navrae skakel: 051 - 448 9160)

Pelser se boek kan van die volgende adres bestel word: Bybeldenke Uitgewers, Posbus 12685, Stellenbosch 7613.

"Die wetenskap oortuig my dat 'n aap en 'n sampioen minder van mekaar verskil as 'n aap en die mens." – **George Jackson Mivart**

Goeie nuus oor gedenkblad

Die gedenkblad oor die vyftigjarige bestaan van die Vereniging, het nou sover gevorder dat daar binnekort daarmee na die pers gegaan sal kan word. Dit sal ongeveer 'n honderd bladsye teks, benewens fotomateriaal, bevat. Die gedenkblad handel oor die geskiedenis van die Vereniging, en dan veral sy betrekkinge met instellings binne die volkshuishouding en die buiteland. Dit bevat ook herinneringe van medewerkers wat nou gemoeid was met die werk van die Vereniging.

Sommige van ons lede wat die gedenkblad wil bekom, het borgskappe aangebied, aan wie die blad gratis voorsien sal word.

Indien sake verder voorspoedig verloop, word vertrou dat 'n aankondiging teen die tyd van ons konferensie in Pretoria gedoen sal kan word.

Faktore wat die nasionale en privaatonderwys se lewensvatbaarheid in 2004+ sal bepaal

(Deel 1)

- Dr Chris L. Jordaan

(Referaat gelewer te Pretoria-seminaar op 27 April 2004)

Situasie-analise

Die Christelike kultuurgebonde onderwys- en opvoedingsisteem sal binne twee tot vyf jaar ophou bestaan, omdat faktore en sosiale kragte wat binne en buite die sisteem ontwikkel, te sterk is en nie deur Christelike opvoedkundiges verreken word nie. Dit kan daartoe lei dat bestaande Christelik- volkseie onderwys en opvoedingsisteme (CVOOS) binne twee tot vyf jaar sal ophou bestaan.

Die bestaande instellinge wat binne die huidige nasionale onderwysbestel werk en wil werk toon dat die CVOOS nie doelgerig, doelmatig en ekonomies bestuur word nie. Die verdeling van vermoëns in verskeie organisasies en instellinge wat na dieselfde doel streef en op dieselfde kleinerwordende getallebasis in volksgeledere aanspraak maak, is bewys hiervan.

Die eise van die 21ste eeu na onderwysers, leerlinge en studente vra dat daar op 'n heel nuwe manier na die problematiek van die CVOOS gekyk moet word. Die groter behoefte aan ondersteuning, finansieel en in kundigheid, by verskillende privaat instellinge vir 2004/ 2005 raak die voortbestaan en die vermoë om aan die eise van volksonderwys en -opvoeding te voldoen.

Die doel van die besture en ouergemeenskap van die CVOOS is om onbevange na die eksterne faktore te kyk. Ons is al oorbewus van die interne beïnvloedingsfaktore, wat die eise aan die jeug gaan stel.

Beïnvloedende faktore

Verskillende interne en eksterne faktore, sosiale en finansiële kragte, skep tans die omgewing waarbinne die CVOOS moet opereer. Die belangrikste daarvan is die volgende:

Interne faktore

Daar bestaan verskeie lede-organisasies en opleidingsinstellinge binne die CVOOS, wat op dieselfde Afrikanerkultuurgemeenskap se ondersteuning op skool- en tersiêre vlak, aanspraak maak. Die kultuurgemeenskap op wie se steun aanspraak gemaak word, verklein weens:

- 'n laer geboortesyfer;
- tydelike en permanente emigrasie;
- vermindering van goedgesindes in volksgeledere;
- aanvaarding van die "nuwe bedeling" as onveranderlike mag vir werksgeleenthede;
- die onvermoë van CVOOS om die dienste te lewer wat deur die student of onderwyser verwag word;
- party-politieke vooroordele en groepvorming.

Elke instelling regverdig sy voortbestaan deur hom te beroep op die unieke benadering of grondslag van sy bestaan. Elkeen beroep hulle op die Bybels-Christelike/ Gereformeerd-Protestantse/ Reformatoriese uitgangspunt en die *Drie Formuliere van Eenheid* as grondslag. Die volkseie benadering tot die Afrikanervolk word in 'n engere of algemene wyse in elkeen se grondslag weergegee.

Dit is reeds bekend dat die doel van die nou bekende "OBE" opvoeding die volgende is:

> "An inclusive international education system is being implemented at this very moment. Conservatives can negotiate and compromise all they want about bad outcomes and need for choice, *but what they will get if they accept one penny of tax money is the carefully planned OBE/ Mastery-Learning choice schools of the global workforce training system.*
>
> Once that is in place, they can forget about changing the outcomes. It will be too late. The soil has been tilled and the seeds have been planted. We now await the blossoming of what John Dewey and his followers have worked for since the early 1900's: *universal socialist/ internationalist education for the world government's planned economy"*
>
> [Charlotte Iserbyt. Back to basics reform . *OBE Skinnerian International Curriculum.* p.240]

Die huidige Nasionale Departement van Onderwys kry alhoemeer 'n greep op die Christelike privaatskole en veral op die CVOOS, weens die gebrek aan die konsentrasie van opvoedkundige vermoëns.

Eksterne Faktore

Die Nasionale Onderwysbeleid is daarop ingestel om deur enkulturasie die Afrika-kulture deur wetgewing van onder in die Christen-Afrikaner volkskultuur in te forseer. Dit word byvoorbeeld bereik deur die verandering van die Geskiedenisvak na "Struggle-geskiedenis"; Afrika-kultuur vervang die Westerse en Afrikanerkultuur deur die gelykstelling van die Christelike godsdiens met dié van die Afrika tradisionele godsdienste en die Hindoe- en Islam-godsdiens. Christelike godsdiens en Christelike wetenskap op skool en tersiêre onderrig bestaan vir algemene onderrigdoeleindes nie meer nie.

Vervolg op bl 12

Die Nasionale Departement van Onderwys wys daarop dat slegs vier uit elke tien kinders wat skool toe begin gaan, graad 12 (matriek) sal voltooi. Die getal leerlinge wat matriekeksamens skryf het met 11% in 2001 gestyg, maar die getal leerlinge het afgeneem. Slegs 5 000 het met 'n C-gradering en hoër kwalifikasie in Wiskunde en Natuurwetenskap geslaag. Slegs 835 was swart leerlinge. Om die swart leerlinge te akkommodeer word die standaarde stelselmatig verlaag, ook vir die toelating tot tersiêre onderwys. Dit beïnvloed eweneens die standaarde van die Afrikanerkinders.

Die nasionale onderwysstrukture kan die huidige verandering nie meer bestuur nie, aangesien die kapasiteit, kundigheid en vaardighede nie meer bestaan nie. Daar verdwyn reeds ongeveer 7 miljoen kinders uit die onderwysstelsel tussen graad 7 en 8, wat Afrikanerkinders kan insluit. Standaarde van die Suid-Afrikaanse matriek word reeds internasionaal bevraagteken.

Die amptelike werkloosheidsyfer is 29,4%, maar onder 'n breë definisie word dit op 41,9% bereken. In getalle is dit 1,9 miljoen wat in 1995 werkloos was en wat nou amptelik van 4,9 miljoen in 2002 tot 8,1 miljoen onder die breë definisie gestyg het. Die ekonomie groei nie, sodat Afrikanerkinders in die toekoms op geen werk kan aanspraak nie. Dit gee aanleiding tot groterwordende getalle wat nie met tersiêre onderwys wil voortgaan nie en daarom vertrek baie na Europa vir werksgeleenthede.

UNaids bevestig dat 600 000 mense gedurende 2002 aan MIV/Vigs in Suid-Afrika gesterf het; wat 'n styging vanaf 360 000 gedurende 2001 behels – 'n gemiddeld van 1 000 per dag. Vanaf 2004 en verder word verwag dat sonder ingrype of behandeling daar 700 000 per jaar sal sterf. Die Mediese Navorsingsraad rapporteer dat 40% van die sterfgevalle tussen die ouderdom van 15 en 29 jaar in 2000, Vigsverwant ("undisclosed disease") was. Die huidige aanduiding is dat 6.1 miljoen besmet was in 2002 in die ouderdomsgroep van 18 – 64 jaar. Onderwysers sterf tans teen ongeveer 120 per maand aan 'n "undisclosed disease". Die verliese kan nie in vyf jaar vervang word nie. Hierdie getalle is van besondere betekenis aangesien dit die middelvlak van die bevolking in hul produktiewe stadium uitwis. Dit sluit ouers, dokters, onderwysers, werkers en bestuurders, leiers en organiseerders in die gemeenskap, ens. in. Die uniekheid van die getalle is die druk op die middelvlak en middelstand van die samelewing wat op die punt staan om ineen te stort.

Wanneer die struktuur van die Suid-Afrikaanse samelewing as gevolg van die MIV/Vigs pandemie begin verander sal al die ander instellings in die ekonomie en die staat dieselfde pad volg. Die staatsadministrasie en al die departemente kan in disfunksie verval. Die Afrikanerjeug sal geleer moet word om in so 'n snel veranderende samelewing te kan leef en bestaan, maar daar is geen instansie wat sulke opleiding verskaf nie.

Die rol van ekonomiese globalisering in die Suid-Afrikaanse ekonomie word nou eers bereken. Die vernaamste eis is die verandering van denke vanaf die Industriële tydperk na die Inligtingstydperk. Daarby moet ekonomiese leierskap en strategiese denkpatrone gevoeg word om die eise van die tyd te kan bestuur. Vir hierdie eise word die standaarde en inhoudelike van die "nuwere akademie" nie meer deur die Suid-Afrikaanse regering bepaal nie, maar deur die eise van die geglobaliseerde Europese wêreld. Bestaande onderwyssisteme, kundigheid en standaarde, voldoen nie aan die vereistes van die 21ste eeu se tegnologiese en ekonomiese globalisering van inligting nie.

(Deel 2 van hierdie referaat sal in die volgende uitgawe van ons blad verskyn. Daarin gee dr. Jordaan aan 'n toekomsanalise, toekomsperspektief en aksieplan aandag.)

In 'n brief aan Otto Juliusburger, 11 April 1946 skryf Albert Einstein: "Ek glo die verskriklike agteruitgang van die etiese gedrag van mense vandag spruit uit die meganisasie en ontmensliking van ons lewens – die rampspoedige newe-effek van die wetenskaplike en tegniese mentaliteit. Nostras cupla! Die mens word gouer koud as die planeet wat hy bewoon."

Die Afrikaner-huisgesin

Vervolg van bl 2

kanerkinders daaraan blootgestel. 'n Geslag van ons volk word opgeoffer aan die gees van dwaling, en ons ouers kom nie geestelik in verset nie. Is dit moontlik daaraan toe te skryf dat die Bron der bronne opsygeskuif is en baie nie meer in staat is om leer en lewe daagliks aan die hand daarvan te kontroleer, soos in die verlede nie? Hoe moet hierdie breuk in die verbondsverhouding met God herstel word?

Die Hoofbestuur het die krisis in ons volkslewe by meer as een geleentheid in diepte bespreek en tot die slotsom geraak dat iets daadwerkliks daaraan gedoen moet word. Daar is tot die besef gekom dat ouerhuise bemagtig moet kan word, met praktiese begeleiding en raadgewing, gefundeer op die Skrif, omdat baie in ons volksgeledere nie meer weet hoe die problematiek aangepak moet word nie, weens die diverse kompleksiteit daarvan. Ouers en kinders is op soek na leiding en voorligting en iemand moet dit kan verskaf.

Die temas waaraan in hierdie uitgawe aandag gegee word, is bedoel om inligting en toerusting te verskaf oor sake wat van wesensbelang is, wanneer oor Christelike opvoeding en onderwys besin word. Die eerste hiervan is 'n perspektief op die Koninkryk. Die huisgesin kerk en skool het weliswaar onderskeie bestemmings, maar elkeen staan op sy besondere wyse in diens van die Koninkryk. Die tweede is 'n gerigtheid op die ware Oorsprong. Daarmee word die onderwerp: waar kom alles vandaan?, behandel, maar by implikasie ook: waar is (behoort) ons met die onderwys op pad heen (te wees)? Die huisgesin en skool het hierin nie 'n mindere roeping en verantwoordelikheid as die kerk nie. Die artikel: "'n Christelike opvoedingsfilosofie", bied 'n uitsig op die vervulling daarvan.

VCHO-konferensie: 21 Augustus 2004

Op Saterdag, 21 Augustus 2004, DV, bied die VCHO 'n konferensie in Pretoria aan, waartydens uitvoerige aandag aan die huisgesin gegee sal word. Al ons lede, asook belangstellendes uit ouer- en onderwysergeledere word daarheen uitgenooi. Die gebruiklike agtienmaandelikse algemene vergdering sal direk na die konferensie plaasvind. Besonderhede oor hierdie belangrike konferensie vind u op bladsy 14.

VCHO-konferensie oor die huisgesin in krisis
Saterdag 21 Augustus 2004
Aangebied in die kerksentrum van die NG Kerk Witfield, Boksburg
Program

07:30 - 08:00	Registrasie
08:00 - 08:30	Opening en verwelkoming
08:30 - 09:15	Die gereformeerde huisgesin en die heersende krisisse in die samelewing: 'n oorsigtelike perspektief
09:15 - 10:00	Die gesinskrisis in beeld (videogesteunde voordrag)
10:00 - 10:45	Vaders; hoe begelei u u gesinne in die aangesig van die bedreiging?
10:45 - 11:05	Tee/ koffie en verversings
11:05 - 11:50	Moeders; hoe voed u u gesinne op tot Christelike moraliteit?
11:50 - 12:30	Opvoeding tot huweliksplig: die jongmens en sy/haar verhoudingslewe (Soos deur twee jongmense gesien)
12:30 - 13:00	Evaluering en bedankings
13:00 - 14:00	Ete en algemene vergadering
14:00 - 14:10	Sluiting

Navrae: VCHO-kantoor, tel 051-448 9160/ 448 4464

Gedenkboek: *Die Boerevrou 1899 - 1902*

- J Steyn

Afrikaners skaam hulle oor die behandeling wat hul vroue en kinders in die Britse konsentrasiekampe te beurt geval het. Daarom hang daar oor die lyding in die kampe "'n sluier wat ons skrywers van vandag nie graag oplig nie". Dit het *Die Burger* op 10 Augustus 1938 in 'n hoofartikel geskryf na aanleiding van 'n polemiek wat in 'n paar koerante oor die kampe gevoer is.

Sedertdien het daar al hoe meer oor die kampe bekend geraak, in die afgelope jare, danksy die navorsing van prof AWG (Andries) Raath, professor in Strafreg en Regsfilosofie aan die Universiteit van die Vrystaat. Die tweede en laaste deel van *Die Boerevrou, 1899 - 1902*, het pas verskyn. Dit is getiteld *Kampsmarte,* wat meer as 200 foto's bevat. Raath is ook mede-outeur van die Konsentrasiekamp-gedenkreeks, waarvan ses dele deur die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein uitgegee is.

In *Kampsmarte* beskryf hy die lotgevalle van die bewoners van 58 kampe. Tot dusver is aanvaar dat daar 45 kampe was. Die bestaan van 'n hele paar kampe was onbekend, maar Raath onthul 'n verdere dertien. Raath verstrek gegewens (van al die kampe) oor wanneer hulle opgerig is, hoeveel mense daarin was, en, waar dit bekend is, ook die getal sterftes van kinders van vyftien en jonger, en

persone bo vyftien. Dáárby kom dan die getuienis van die kampbewoners oor 'n verskeidenheid van sake – veral die ontbering en ellende, maar ook van pogings tot opstand, ontsnappings en die laakbare optrede van joiners en hensoppers wat die Britte gehelp het.

Aan die einde van sy werk gaan Raath in op die vraag: "Was dit moordkampe?" Sy bevinding is dat 'n mens geen ander gevolgtrekking uit die beskikbare feite kan maak, as dat "die Britse owerhede, sowel aan die militêre as siviele kante, [die] opset gehad het om die vrouens en kinders dood te maak en te laat sterf nie."

Die boek is uitgegee deur die Vrouekomitee vir die Herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog. Mev. René Lombard by tel. 051-522 5619, of mnr. Hugo Hayes by tel. 051-448 9160 kan vir bestellings gebel word.

DIE JONGSPAN

Tannie Aletta

Dagsê Maats,

Die helfte van die jaar is in sig!

Wat is die eerste ding wat jy in die oggend doen wanneer jy opstaan? Wat is die laaste ding wat jy in die aand doen voor jy gaan slaap? 'n Snaakse vraag? Nee, tog nie! Dit is tog seker om saam met Pappa en Mamma om die huisaltaar te verkeer. Wat is dan tog 'n 'huisaltaar'? Hier is nog iemand wat nie mooi weet nie –

Die verbaasde klerk van die boekwinkel wat geestelike boeke verkoop, kyk na die vrou hier voor hom. "Meneer u sien, ons predikant het verlede Sondag gesê dat elke huisgesin 'n huisaltaar moet hê. Nou het ek so gedink dat as u een in die vroeë Amerikaanse styl het, dit baie mooi sal lyk in die hoek van my woonkamer."

Maats, ongelukkig kan 'n huisaltaar nie in 'n winkel gekoop word soos die vrou wou doen nie. Dit is ook nie 'n meubelstuk of 'n groot familiebybel wat net uitgestal kan word vir mense om gesien te word nie. Inteendeel, dit is die saamkom van die gesin rondom die Woord van God om dit te lees en daarop te reageer.

In die Bybel kom Deuteronomium 6:4 – 9 miskien die naaste aan die beskrywing van huisgodsdiens. Daar lees ons dat die aanbidding van God in ons huise moet begin. En daarin vind ons sommer ook al die beginsels vir huisgodsdiens: "Hoor Israel, die Here onse God is 'n enige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel moet in jou hart wees; en jy moet dit in jou kinders inskerp en daaroor spreek; as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê, en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe."

Derduisende Pappas en Mammas gee hulle kinders goeie voedsel en klere en beskerm hulle liggame so ver moontlik teen enige skade, maar hulle stel hulle nie aan die Saligmaker voor nie.

Huisgodsdiens kan 'n huis Christelik-aantreklik maak, maar dit is beslis betekenisloos om dit, net as 'n plig, haastig af te handel en die res van die dag deur te bring asof daar geen God is nie. Daar is baie grootmense wat vandag 'n afkeer daaraan het, omdat dit vir hulle net die herinnering inhou van 'n lang stilsit terwyl die vader met 'n eentonig dreunende stem lang onverstaanbare gedeeltes uit die Bybel voorlees. Uiterlik sit hy tjoepstil, maar in sy binnekant dink hy aan allerhande ander dinge, ver weg van die Woord van God af.

Liewe maat, is dit hoe dit moet wees? Sit jy ook maar net daar en maak of jy luister as Pappa uit die Bybel voorlees?

Hoe kan ons dan die huisgodsdiens waarvan ons as gesinne in die hedendaagse besige lewe so afhanklik is, verstaanbaar en interessant maak? Met ander woorde, ons moenie vra: hoe kan ons as kinders nie net teenwoordig wees nie, maar: hoe kan ons ons liefde vir God met mekaar deel. Sommige gesinne vind dit 'n groot hulp om die benadering van die Bybel af te wissel.

Hier volg 'n voorbeeld:

Maandae: Die teksversie wat vir die kategese die vorige dag geleer is, kan hersien word. Tydens gebedstyd kan **elkeen** bid vir die gesinsprobleme.

Dinsdae: Kan 'n Sendingdag wees. Lees 'n gedeelte hieroor uit die Bybel, en gedeeltes uit Sendelinge se briewe. Foto's van sendelinge of sendingwerk maak dit nog meer realisties. Jy kan help om in sending tydskrifte foto's en artikels van sending bymekaar te kry. Gebede is vandag vir die Sendelinge en hulle behoeftes, by die naam genoem – en nie maar net vaag en algemeen nie.

Woensdae: Bespreek komende Sondag se kategese werk. Vra vir Pappa om te help om antwoorde uit die Skrif te kry op vrae wat mag bestaan.

Donderdae: Bid vir die naweek se prediking en predikers – oor die hele wêreld, maar ook plaaslik! Bid vir Bybel voorsiening en –verspreiding. Bespreek die eerste drie bedes van die "Onse Vader" –gebed.

Vrydae: Wat beteken dit dat God Koning is oor alle lewensterreine? Hoe moet Sy Koningskap sigbaar word (gewys word) in ons gesin, ons gemeente, ons skool? Wat is Christelike Onderwys en Opvoeding? Vra vir Pappa om hierdie vrae te verduidelik.

Saterdae: Wat het die Doopgelofte te doen met ons huisgesin? Vra vir Pappa of Mamma om te verduidelik wat die Doopgelofte is. Wat kan elkeen van ons bydra om as gesin 'n huisaltaar te vestig vir ons Verbondsbelewenis.

Sondae: Lofsange – kerksang aanleer en beoefen. Kry kasetopnames vir voorsang indien geen gesinslid die sang kan lei nie. Ons Jongmense hou mos baie daarvan om met kasetopnames / kompakskyf as begeleiding te sing – so kan ons as gesin baie van ons pragtige kerkliedere aanleer.

Iets om oor te dink

Ek is die kleipyp wat elke oomblik
kan breek en elke dag vir U 'n nuwe
seepbel blaas.

F Timmermans

'n Gedagte

Ek is 'n mens van hoop
Omdat ek glo dat God elke môre
weer nuut is

Kard. Suenens

Kopkrapper

Wat was die hoofsaaklike doel van

Paulus se briewe?

1 Tessalonisense 4:12 - 18

Aros Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers

Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:

- **Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad, 'n Aros- kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns**
- **Skriftuurlike fundering in alle vakke**
- **Addisionele lewensbeskoulike modules**
- **Onmiddellike praktiese indiensopleiding**
- **Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding**

In 2005 word slegs 'n beperkte getal eerstejaars toegelaat. Graag verskaf ons verdere inligting.

Tel 012 332 3222 of Posbus 31120, Totiusdal, 0134 of e-pos rvdkooy@mailbox.co.za .

VCHO-publikasies oor evolusionisme

In die VCHO se boekery is heelwat beskikbaar oor die Bybel en die wetenskap. Hierdie boeke en studiestukke kan van die kantoor aangekoop word. Artikels wat in vorige uitgawes van ons blad verskyn het, kan teen koste van die kantoor bestel kan word. Besoek ook die Vereniging se tuisblad (www.vcho.co.za) vir nog artikels in die verband. Daar word tans aan die samestelling van 'n bundel bestaande uit artikels oor die Christen en die evolusionisme gewerk. Vir kinders op skool wat aan projekte werk, kan die VCHO 'n goeie navorsingsbron wees. Dit sal egter in sommige gevalle nodig wees dat ván die stof aan hulle verduidelik word. Hierdie materiaal is ook geskik vir gebruik deur onderwysers by skole.

Die VCHO-studiestuk *Voed hulle op* (R20-00) gee die grondslae vir Bybelgefundeerde primêre en sekondêre skoolonderwys. Daarin word onder andere die evolusie en die Bybelse skeppingsleer behandel. Twee studiestukke deur prof DFM Strauss is ook hier van belang, naamlik *Die Evolusionisme – knelpunte ontbloot* (R5-00) en *Man's Place in Nature* (R5-00). Op die VCHO-tuisblad is die volgende artikels beskikbaar, wat gratis afgelaai kan word: *Sesdaagse skepping en evolusieleer* en *Hoe oud is die aarde regtig?* deur prof P H Stoker, en *Weerspreek die gedagtes van skepping en evolusie mekaar?* deur prof. FJM Potgieter. (Let wel: genoemde pryse sluit nie versendingskoste in nie.)

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
EN
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
KERN REDAKSIE: Prof OA Henning, Prof AWG Raath, Prof DFM Strauss
MEDEWERKERS: Mnr HJ Hayes en dr L Hoffman

VCHO 50

Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Barnesstraat 41
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 448 9160 of
(051) 448 4464
Faks (051) 448 4669
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Mnr. S le Cornu (Potchefstroom), Prof PH Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds G van Heerden (De Deur), Prof R Marè (Pretoria), Dr IH Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Sannieshof), Dr HG Stoker (Pretoria), Prof EJ van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brakpan), Ds FJ van der Merwe (Koster), Dr JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes

Gedruk deur Handisa Drukkers • Tel: (051) 403 8500